**DOLPHINS CREEK COUNTRY ESTATE HUISEIENAARSVERENIGING KONSTITUSIE**

**LIDMAATSKAP**

Hiermee erken ek

.....................................................................

synde die eienaar van

Erf ................................................................

ontvangs van ‘n afskrif van die Dolphins Creek Country Estate Huiseienaarsvereniging Konstitusie met bylaes daartoe.

AS GETUIES:

1. ....................................................

2. .................................................... ..................................................
EIENAAR

**K O N S T I T U S I E**

'n Statutêre regspersoon opgerig kragtens die bepalings van
Artikel 29 van Ordonnansie 15 van 1985

# AANHANGSEL “A”
# DOLPHINS CREEK COUNTRY ESTATE HUISEIENAARSVERENIGING

Opgestel
deur:

**STADLER & SWART**
**INGELYF**
Prokureurs, Notarisse &
Aktebesorgers
Donerailestraat
1
Posbus
46
GEORGE,
6530

2018

1. **AGTERGROND:**

1.1 Die Dolphins Creek Country Estate Huiseienaarsvereniging is opgerig as 'n regspersoon kragtens die bepalings van Artikel 29 van die Ordonnansie op Grondgebruiksbeplanning Nr. 15 van 1985 in ooreenstemming met voorwaardes opgelê deur die Munisipaliteit Groot-Brakrivier tydens die goedkeuring van die onderverdeling van Gedeelte 15 van die Plaas Searles Nr 252.

1.2 Die Vereniging sal:

1.2.1 'n regspersoon wees en onafhanklik van sy lede bestaan;

1.2.2 ewigdurende opvolging geniet;

1.2.3 bevoeg wees om te dagvaar of gedagvaar te word ten opsigte van:

(i) enige ooreenkoms deur dit gesluit; of

(ii) enige skade aan enige eiendom van die Vereniging; of

(iii) enige aangeleentheid wat voortspruit of verband hou met die magte en bevoegdhede van die Vereniging soos uiteengesit in die Konstitusie.

1.2.4 bevoeg wees om onderworpe aan die bepalings van die Konstitusie, onafhanklik van sy lede eiendom te verkry of te vervreem, en regte te verkry of te vervreem of verpligtinge op te loop of te delg.

2. **WOORDOMSKRYWING:**

2.1 In hierdie dokument, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:

| | |
|---|---|
| "dag" | weeksdae uitsluitend Saterdae, Sondae en Openbare Vakansiedae, tensy spesifiek anders aangedui |
| "Bestuursagent" | 'n Bestuursagent soos aangewys kragtens die bepalings van die Konstitusie |
| "eienaar" | die eienaar van Dolphins Creek Country Estate |

| | |
|---|---|
| "erf" | 'n erf, uitgesluit die gemeenskaplike area, wat ontstaan vanweë die onderverdeling van die Ontwikkeling |
| "gemeenskaplike area" | sodanige gedeelte van die Ontwikkeling wat nie by die erwe in die Ontwikkeling ingesluit is nie. Ingesluit die klubhuis, toegangshekke en pad |
| "Konstitusie" | hierdie dokument met aanhangsels hiertoe en alle regulasies daarkragtens uitgevaardig deur die Vereniging van tyd tot tyd |
| "'n jaar" | 'n kalenderjaar |
| "Kantoor" | die Klubhuis kantoor te Morrisonweg, Groot Brakrivier, 6525 |
| "lid" | 'n lid van die Vereniging |
| "maand" | 'n kalendermaand |
| "Ondervoorsitter" | die Ondervoorsitter van die Trustee Komitee |
| "Ontwikkeling" | Die onderverdeling van Gedeelte 15 van die Plaas Searles Nr 252 |
| "Ouditeure" | die Ouditeure van die Vereniging |
| "Plaaslike Owerheid" | die Munisipaliteit Mosselbaai |
| "Spesiale Besluit" | 'n besluit geneem by 'n Spesiale Algemene Vergadering ten opsigte waarvan nie minder nie as 21 kalenderdae (eerste dag uitgesluit, laaste dag ingesluit) kennis gegee is van die bedoeling om voorstel te maak vir die aanname van 'n besluit as 'n Spesiale Besluit en in welke kennisgewing uiteengesit is die terme en effek van so 'n besluit sowel as die rede waarvoor die besluit aangeneem moet word en welke besluit aangeneem is by voormelde spesiale vergadering van lede deurdat ten minste 75% van die totale |

stemme teenwoordig of verteenwoordig en waarop lede geregtig is, ten gunste van die Spesiale Besluit uitgebring is

| | |
|---|---|
| "Trustee Komitee" | die Trustee Komitee soos aangewys kragtens die bepalings van die Konstitusie |
| "Trustees" | persone wat lede is van die Trustee Komitee |
| "Vereniging" | die Dolphins Creek Country Estate Huiseienaarsvereniging |
| "volmag" | die skriftelike dokument waarkragtens 'n lid 'n verteenwoordiger kragtens die bepalings van klousule 69 van die Konstitusie volmag verleen om hom op 'n Algemene en/of Spesiale Vergadering te verteenwoordig en namens hom stemme uit te bring. Verteenwoordigers sal beperk word tot ‘n maksimum van twee volmagte. |
| "Voorsitter" | die Voorsitter van die Trustee Komitee |

2.2 Tensy die teendeel uit die konteks blyk, sal alle woorde wat die enkelvoud weergee, ook die meervoud insluit, en *vica versa* en alle woorde wat verwys na een geslag ook die ander geslag insluit.

## 3. HOOFBESIGHEID

Die hoofbesigheid van die Vereniging sal wees die promosie, bevordering en beskerming van die belange van lede van die Vereniging.

## 4. HOOFDOELWITTE

4.1 Die hoof doelwitte van die Vereniging is:

4.1.1 om toe te sien tot die behoud en instandhouding van die hoë kwaliteit inheemse kusstruikbos, die onderhoud, administrasie en beheer van die gemeenskaplike area, geboue en geriewe op die gemeenskaplike area, beheer uit te oefen oor die ontwerp en onderhoud van enige verbeteringe wat aangebring mag word op erwe of op die gemeenskaplike area, om verantwoordelikheid te aanvaar oor die administrasie en instandhouding van alle Interne dienste, ingesluit paaie en om in die algemeen toe te sien tot die promosie, bevordering en beskerming van die gemeenskaplike belange van lede;

4.1.2 om toe te sien tot die behoud, onderhoud, bestuur en instandhouding van die gholfbaan en gholf klubhuis;

4.1.3 sonder om afbreek te doen aan die algemene aard van voormelde doelwit sal die verantwoordelikheid vir die onderhoud en herstelwerk en instandhouding aan enige gedeelte van die gemeenskaplike area, die alleen verantwoordelikheid wees van die Vereniging.

4.2 Om toe te sien dat die ontwikkelingsvereistes vir eienaars soos uiteengesit in die Argitektoniese Vereistes, aangeheg hiertoe nougeset nagekom word.

4.3 Dit sal nie 'n doelwit van die Vereniging wees om 'n wins uit enige van sy sake of bedrywighede te maak nie. Inkomste slegs verdien word om uitgawes te delg.

4.4 Die Vereniging sal geregtig wees om ‘n gholfklub te stig wat toeganklik is vir spelers wat nie lede van die Vereniging is nie en wat sy eie Konstitusie het met bepalings wat egter onderhewig is aan die verpligtinge en Konstutisie van hierdie Vereniging.

4.5 Die Vereniging sal die beherende liggaam wees van die Dolphins Creek Country Estate Gholf Klub.

4.6 Die Gholf Klub Komitee sal optree as Raadgewende Liggaam vir die Vereniging en sy lede ten opsigte van alle operasionele aangeleenthede wat verband hou met gholf aktiwiteite, maar die Vereniging sal nie gebonde wees aan sodanige advies of besluite nie.

4.6.1 Bovermelde Gholf Klub Komitee sal bestaan uit ‘n Voorsitter, aangestel deur die Vereniging, asook 4 (vier) lede verkies vanuit die Gholf Klub lede.

4.7 Die Vereniging is kwytgeskeld van, en sal geen aanspreeklikheid aanvaar, of opdoen ten aansien van enige skade aan eiendom, beserings opgedoen of enige ander eis voortvloeiend uit of verbandhoudend met gholfballe wat redelikerwys in die normale uitoefening van die spel van gholf gebruik word nie.

## 5. FINANSIËLE JAAR

Die finansiële jaar van die Vereniging eindig op die laaste dag van APRIL elke jaar.

## 6. LIDMAATSKAP

6.1 Elke geregistreerde eienaar van 'n erf is verplig om 'n lid van die Vereniging te wees.

6.2 Lidmaatskap van die Vereniging is beperk tot geregistreerde eienaars van erwe met die voorbehoud dat, waar enige erf gehou word deur meer as een persoon, al die geregistreerde eienaars van daardie erf gesamentlik en afsonderlik geag sal word een lid van die Vereniging te wees.

6.3 'n Lid sal nie geregtig wees om sy erf te verkoop of oordrag te lewer van sy erf sonder die skriftelike toestemming van die Vereniging nie, welke toestemming slegs weerhou kan word deur die Vereniging indien:

6.3.1 die lid enige gelde aan die Vereniging verskuldig is; en/of

6.3.2 indien die lid versuim het om enige van sy verpligtinge teenoor die Vereniging na te kom en in versuim bly.

7. Registrasie van oordrag van die eiendom sal *ipso facto* lidmaatskap van die Vereniging vir die transportnemer van 'n erf bewerkstellig.

8. Nieteenstaande enige bepalings tot die teendeel vervat in die Konstitusie, sal enige persoon wat eienaar van 'n erf word sonder dat die Vereniging daartoe toestemming verleen het vanaf die datum van registrasie van oordrag van die erf in sy naam, 'n lid wees van die Vereniging.

9. Die eienaar van 'n erf mag nie bedank as lid van die Vereniging nie en sal 'n lid van die Vereniging bly tot en met die datum waarop registrasie van oordrag van sy erf in die naam van 'n ander persoon geregistreer word.

10. Die regte en verpligtinge van 'n lid sal nie oordraagbaar wees nie en elke lid sal:

10.1 na die beste van sy vermoë die doelwitte en belange van die Vereniging bevorder;

10.2 die bepalings van hierdie Konstitusie en alle regulasies of reëls wat kragtens die Konstitusie deur die Vereniging of deur die Trustee Komitee uitgevaardig mag word, stiptelik nakom.

**HEFFINGS**

11. Die Trustee Komitee mag van tyd tot tyd heffings vasstel wat deur lede betaalbaar sal wees:
- ten einde die Vereniging in staat te stel om uitgawes deur dit aangegaan te betaal, of
- ten einde voorsiening te maak vir daardie uitgawes wat die Trustee Komitee redelikerwys verwag deur die Vereniging aangegaan sal word.

11.1 Sodanige uitgawes kan wees ten opsigte van die onderhoud, herstelwerk, verbetering en instandhouding van die gemeenskaplike area, insluitende klubhuisgeboue en om verantwoordelikheid te aanvaar oor die administrasie en instandhouding van alle interne dienste (ingesluit strate).

11.2 Verder ook vir die betaling van enige belasting of ander gelde betaalbaar deur die Vereniging aan 'n Plaaslike Owerheid of ander owerhede ten opsigte van die gemeenskaplike area en vir die betaling van dienste gelewer deur enige Plaaslike Owerheid, ander owerhede of ander partye aan die Vereniging en/of vir die betaling van noodsaaklike uitgawes en/of redelike uitgawes aangegaan deur die Vereniging ten opsigte van die bestuur van die Vereniging van die gemeenskaplike area en die Vereniging se sake.

11.3 In die berekening van voormelde heffings, sal die Trustee Komitee in ag neem enige inkomste, indien enige, soos verdien deur die Vereniging.

12. Die Trustee Komitee sal binne 'n redelike tyd voor die einde van die finansiële jaar, 'n begroting opstel ten opsigte van die verwagte uitgawes van die Vereniging vir die daaropvolgende finansiële jaar. Met die opstel van die begroting sal enige tekort van 'n vorige finansiële jaar in ag geneem word. Die Trustee Komitee sal daarna 'n heffing vasstel betaalbaar deur die lede, welke heffing so na as wat redelik moontlik is, gelyk sal wees aan die verwagte begrote uitgawes bepaal soos voormelde. Die Trustee Komitee mag in voormelde begroting in berekening bring 'n bedrag wat in reserwe gehou moet word ten einde voorsiening te maak vir onverwagte of onbeplande toekomstige uitgawes. Ook mag die Trustee Komitee in voormelde begroting voorsiening maak vir die vervanging van enige roerende bates van die Vereniging.

13. Enige heffing gehef en gevorder deur die Trustee Komitee sal deur die lede betaalbaar wees by wyse van maandelikse of jaarlikse paaiemente soos bepaal deur die Trustee Komitee. Alle diensteheffings en belastings betaalbaar ten opsigte van 'n erf aan die Plaaslike Owerheid sal op die wyse en op die tydstip soos voorgeskryf deur die Plaaslike Owerheid betaalbaar wees aan die Plaaslike Owerheid.

14. Die Trustee Komitee mag van tyd tot tyd spesiale heffings vasstel betaalbaar deur die lede, ten opsigte van uitgawes waarna verwys word in klousule 11 hierbo (ten opsigte waarvoor daar nie begroot is nie of ten opsigte waarvan daar vir 'n te lae bedrag begroot is) of enige ander onvoorsiene of onbegrote uitgawe en sulke heffings mag opgelê word in bedrae en betaalbaar oor 'n periode of in paaiemente soos die Trustee Komitee mag goeddink.

15. Enige heffing betaalbaar deur 'n lid sal 'n skuld verskuldig wees deur hom aan die Vereniging. Die verpligting van 'n lid om 'n heffing te betaal, sal verval op die tydstip waarop sy lidmaatskap van die Vereniging beëindig word sonder benadeling van die Vereniging se regte om agterstallige heffings van die lid te

verhaal. Geen heffings betaal deur 'n lid sal onder enige omstandighede terugbetaalbaar wees deur die Vereniging na beëindiging van sy lidmaatskap nie.

16. 'n Lid se opvolger in titel as eienaar van 'n erf, sal aanspreeklik word vir betaling van die heffings vanaf die datum waarop oordrag van die erf in sy naam geregistreer word. Vanaf voormelde datum sal hy verplig wees om die heffings betaalbaar ten opsigte van sy erf, te betaal.

17. Geen lid sal oordrag van sy erf kan lewer totdat die Vereniging gesertifiseer het dat daardie lid tot op datum van oordrag al sy finansiële verpligtinge teenoor die Vereniging nagekom het nie en die Vereniging sal nie sy goedkeuring in terme van klousule 6.3 hierbo verleen totdat 'n lid al sy finansiële verpligtinge teenoor die Vereniging vervul het nie.

18. Die totale bedrag heffings gehef deur die Trustee Komitee sal in gelyk dele tussen die aantal erwe in die Ontwikkeling verdeel word.

**HANDELINGE MET DIE GEMEENSKAPLIKE AREA**

19. Geen gedeelte of die geheel van die gemeenskaplike area, sal:

  19.1 met verband beswaar word nie; of

  19.2 onderworpe gestel word aan regte of dit in 'n Aktekantoor geregistreer word al dan nie, van gebruik, okkupasie of serwituut, ander dan 'n algemene serwituut ten gunste van die plaaslike owerheid in wie se gebied die Ontwikkeling val vir doeleindes van dienste deur daardie Plaaslike Owerheid aan die Ontwikkeling gelewer, sonder dat die lede by wyse van 'n Spesiale Besluit die verlening van sulke regte goedkeur nie; of

  19.3 verbeter word deur die oprigting van enige geboue of enige ander verbetering daarop sonder die goedkeuring van 'n Spesiale Besluit nie, behalwe die verbeterings verwys na in klousule 23 hier onder.

**20. OMGEWINGSBESTUUR VAN DIE GEMEENSKAPLIKE AREA DEUR DIE VERENIGING**

20.1 Die terrein sal gereeld ondersoek word vir die ontkieming en verspreiding van uitheemse indringer plantegroei. Laasgenoemde sal op 'n gereelde basis met die hand verwyder word.

20.3 Die terrein sal gereeld ondersoek word vir die ontstaan van spoelskade of waaisandgebiede, en maatreëls sal getref word om sulke probleemgebiede te bestuur.

20.4 Die terrein sal gereeld ondersoek word vir enige rommelstrooiery en skoon gemaak word.

20.5 Geen inplanting, behalwe van plaaslike-inheemse plantegroei mag plaasvind nie.

**KONTRAKTE EN REGULASIES**

21. Die Trustee Komitee mag van tyd tot tyd:

21.1 regulasies maak ten opsigte van *inter alia*:

21.1.1 die lede se reg van gebruik, okkupasie en genot van die gemeenskaplike area wat nie in stryd is met die Vereniging se hoofdoelwit van Natuurbewaring nie;

21.1.2 die getal persone wat elke erf mag okkupeer;

21.1.3 die uitwendige voorkoms ten opsigte van die argitektoniese styl van en onderhoud van verbeterings op die erf of op die gemeenskaplike area soos uiteengesit in die Argitektoniese Vereistes;

21.2 ooreenkomste sluit met die betrokke Plaaslike Owerheid ten opsigte van enige van die aspekte uiteengesit in klousule 21.1 hierbo.

**ONDERNEMING DEUR LID**

22. Elke lid onderneem teenoor die Vereniging dat hy sal voldoen aan:

22.1 alle bepalings van hierdie Konstitusie;

22.2 enige regulasie uitgevaardig kragtens die bepalings van klousule 21.1 hierbo;

22.3 enige ooreenkoms waarna verwys word in klousule 21.2 hierbo sover as dit nodig mag wees dat hy daaraan moet voldoen.

23. **VERSUIM DEUR LEDE**

23.1 Enige lid wat versuim om enige heffing of enige ander bedrag aan die Vereniging te betaal op die datum waarop dit betaalbaar word of wat op enige wyse versuim om aan enige van die terme van hierdie Konstitusie te voldoen, of wat op enige ander wyse 'n verpligting in hierdie Konstitusie opgelê verbreek, mag indien dit so bepaal word by wyse van 'n meerderheidsbesluit geneem deur alle Trustees teenwoordig by 'n vergadering van die Trustee Komitee 'n boete opgelê word deur die Trustee Komitee in 'n bedrag wat die Trustee Komitee in hul diskresie bepaal.

23.2 Die betrokke lid wat in versuim is, sal genooi word deur die Trustee Komitee, by wyse van 'n geskrewe kennisgewing afgelewer aan so 'n lid nie minder nie as 7 (sewe) dae voordat 'n vergadering gehou word waarop dielid se beweerde versuim bespreek sal word om die vergadering by te woon. So 'n lid sal geregtig wees om die vergadering by te woon met of sonder regsverteenwoordiging en om op so 'n vergadering sy saak te stel. Die lid sal egter nie teenwoordig mag wees tydens die stemming ten opsigte van 'n besluit deur die Trustees wat verband hou met sy beweerde versuim en/of boete wat as gevolg van sy versuim kragtens die bepalings van klousule 23 hierbo opgelê mag word nie.

23.3 Enige lid sal geregtig wees om in terme van die bepalings van die Die Wet op Gemeenskapskema-ombudsdienste, 2011 [*Wet 9 van 2011*] enige dispuut na die Ombud te verwys vir beregting daarvan.

**BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP**

24. Geen lid wie se lidmaatskap van die Vereniging vir watter rede ookal beëindig word (ook nie die betrokke lid se Eksekuteurs, Kurators, Trustees of Likwidateurs nie), sal enige eis of belang in die fondse of eiendom van die Vereniging hê nie. Hierdie bepaling doen geen afbreek aan die reg van die Vereniging op enige bedrae verskuldig deur so 'n lid aan die Vereniging nie en die Vereniging sal geregtig bly om enige verskuldigde bedrae vanaf die lid of sy boedel te eis.

**TRUSTEE KOMITEE**

25 Daar sal 'n Komitee van Trustees van die Vereniging wees wat uit nie meer nie as 5 (vyf) en nie minder nie as 3 (drie) lede sal bestaan.

25.1 Elke Trustee sal 'n lid van die Vereniging wees (met die voorwaarde dat die eggenoot van 'n lid 'n Trustee mag wees) of 'n begunstigde van 'n lid of 'n persoon wat 'n direkte belang in die lid hou of 'n persoon behoorlik daartoe gemagtig om namens 'n lid wat 'n regspersoon is op te tree.

25.2 Die Trustees sal in die amp van Trustee aanbly tot en met die datum van die daaropvolgende jaarlikse Algemene Vergadering op welke datum hulle geag sal word uit hul ampte te bedank het sonder benadeling van hul reg, sou hul kwalifiseer, om hulself beskikbaar te hou vir herverkiesing.

**VERWYDERING EN ROTASIE VAN TRUSTEES**

26. Behalwe soos hieronder uiteengesit in klousule 27 sal elke Trustee in sy amp

aanbly tot en met die algemene jaarvergadering wat volg op sy aanstelling op welke datum elkeen van die Trustees geag sal word te bedank het sonder om afbreek te doen aan hul reg om hul beskikbaar te stel vir herverkiesing tot die Trustee Komitee by so 'n algemene jaarvergadering.

27. 'n Trustee sal geag word te bedank het uit sy amp, indien:

27.1 hy aansoek gedoen het vir boedeloorgawe, of hy deur 'n bevoegde hof voorlopig of finaal gesekwestreer is;

27.2 hy enige reëling of skikking met sy skuldeisers aangegaan het;

27.3 hy skuldig bevind is aan enige misdaad wat verband hou met oneerlikheid;

27.4 hy deur 'n bevoegde hof bevind word handelingsonbevoeg te wees;

27.5 hy skriftelik sy bedanking as Trustee by die Sekretaris van die Trustee Komitee ingedien het;

27.6 hy te sterwe kom;

27.7 hy uit sy amp onthef word by wyse van 'n Spesiale Besluit geneem na afloop van ‘n dissipinêre verhoor deur die Komitee sou die Trustee van onregmatige optrede, onwelvoeglike gedrag of enige optrede wat die Komitee se beeld skaad skuldig bevind word. Die Trustee sal daarvan weerhou word om in sy hoedanigheid as trustee op te tree hangende die uitkoms van die Spesiale Besluit;

met die voorbehoud dat 'n handeling te goeder trou deur 'n persoon in sy hoedanigheid as Trustee verrig terwyl hy alreeds geag het om uit sy amp te bedank het, geldig sal wees tensy die feit dat hy nie langer as 'n Trustee dien nie in die notules van die Trustee Komitee aangeteken was alvorens hy voormelde handeling verrig het.

28. Indien daar enige vakature ontstaan in die Trustee Komitee voor die hou van die volgende algemene jaarvergadering, sal daardie vakature vervul word deur 'n persoon soos genomineer deur die inwonende Huiseienaars.

**AMP VAN TRUSTEE**

29. Die Trustees sal uit hulself 'n Voorsitter en Ondervoorsitter verkies.

30. Binne 7 (sewe) dae na die hou van die algemene jaarvergadering, sal die Trustee Komitee vergader en sal hul uit hul lede 'n Voorsitter en Ondervoorsitter verkies wie hul ampte sal beklee tot en met die volgende algemene jaarvergadering. In die geval waar die amp van Voorsitter of

Ondervoorsitter vakant word, sal die Trustee Komitee onmiddellik vergader om 'n ander lid van die Trustee Komitee tot daardie amp te verkies.

31. Behalwe indien tot die teendeel bepaal in hierdie Konstitusie, sal die Voorsitter alle vergaderings van die Trustee Komitee en alle Algemene Vergaderings van die lede lei en sal hy alle verpligtinge nakom wat verband hou met die amp van Voorsitter en sal hy ook sulke verpligtinge hê as wat van tyd tot tyd voorgeskryf mag word deur die Trustee Komitee of lede. Die Voorsitter sal tydens vergaderings die reg hê om lede toe te laat om te praat of om orde te handhaaf deur ontwrigtende persone te versoek om te swyg of die vergadering te verlaat. Enige lid wat nie deel is van die Trustee Komitee nie en wat op uitnodiging die vergadering van die Trustee Komitee bywoon, sal met die goedkeuring van die Voorsitter geregtig wees om te praat tydens so 'n vergadering, maar sal nie geregtig wees om te stem op so 'n vergadering nie.

32. Die Ondervoorsitter sal die magte en regte van die Voorsitter uitoefen in die afwesigheid, onvermoë of onwilligheid van die Voorsitter om aldus op te tree. Die Voorsitter sal verder daardie verpligtinge vervul soos wat van tyd tot tyd aan hom toegedeel mag word deur die Voorsitter of deur die Trustee Komitee.

33. Die Trustees sal geregtig wees om vergoed te word vir alle redelike en bona fide uitgawes deur hul aangegaan in die uitoefening van of in die vervulling van hul verpligtinge as Trustees en/of Voorsitter en/of Ondervoorsitter soos die geval mag wees, maar behalwe vir voormelde, sal hulle nie geregtig wees op enige vergoeding of salaris ten opsigte van die dienste deur hulle gelewer nie.

33.1 Geen lid of inwoner sal deur die Vereniging as werknemer aangestel word vir dienslewering aan die Vereniging nie. Kontrakte vir dienste benodig deur die Vereniging sal op ‘n *ad hoc* basis op tender per e-pos aan alle lede geadverteer word. Kriteria vir toekenning van die tender sal in elke onderskeidelike tender gestipuleer word. Suksesvolle aansoekers sal as onafhanklike kontrakteurs optree.

## FUNKSIES EN MAGTE VAN DIE TRUSTEE KOMITEE

34. Die Trustee Komitee sal toesien tot die bestuur en administrasie van die besigheid en sake van die Vereniging volgens die bepalings van hierdie Konstitusie.

34.1 Die Trustee Komitee sal oor alle magte beskik wat nodig is om die besigheid en sake van die Vereniging behoorlik te bestuur.

34.2 Die Trustee Komitee sal die mag hê, behalwe in soverre sy magte deur die Konstitusie beperk word, om alle magte van die Vereniging uit te oefen en alle handelinge namens die Vereniging te verrig wat deur die Vereniging verrig mag word, behalwe die handelinge wat in terme van die Konstitusie deur die Vereniging in Algemene Vergadering

verrig moet word.

34.3 Alle magte en handelinge van die Trustee Komitee sal onderworpe wees aan regulasies wat van tyd tot tyd deur die Vereniging in Algemene Vergadering uitgevaardig word.

34.4 Indien ‘n regulasie aanvaar of uitgereik word deur die Vereniging i n Algemene Vergadering, sal dit nie terugwerkend geld vir handelinge wat reeds verrig is deur die Trust Komitee voordat die voormelde vergadering plaasgevind het nie. Dus, geen handeling wat reeds deur die Trustee Komitee verrig is voordat die voormelde vergadering plaasgevind het, sal nietig wees as gevolg van ‘n regulasie wat aanvaar of uitgereik word deur die Vereniging in Algemene Vergadering indien daardie handeling nietig sou gewees het as so 'n regulasie reeds voor die voormelde Algemene Vergadering sou gegeld het nie.

35. Die Trustee Komitee sal by magte wees om van tyd tot tyd vorige Komitee besluite te wysig of te kanselleer.

36. Die Trustee Komitee sal by magte wees om vir spesifieke projekte tot die Trustee Komitee te koöpteer enige lid of lede of enige eggenoot van enige lid of lede. 'n Gekoöpteerde Trustee sal al die regte van 'n Trustee geniet en sal onderworpe wees aan die verpligtinge waaraan 'n Trustee onderworpe is.

37. Die Trustee Komitee is by magte om sou hul so besluit, enige beweerde of vermoedelike verbreking van enige van die terme van hierdie Konstitusie of regulasies uitgereik kragtens hierdie Konstitusie deur 'n lid te ondersoek op so 'n redelike wyse as wat hulle van tyd tot tyd mag bepaal.

38. Bo en behalwe die regulasies wat die Trustee Komitee kragtens klousule 21.1 mag maak, mag die Trustee Komitee verdere regulasies maak welke regulasies nie met die terme van die Konstitusie of met regulasies uitgereik deur die Vereniging in Algemene Vergadering mag bots nie. Die regulasies mag met die volgende aspekte handel:

38.1 ten opsigte van dispute in die algemeen;

38.2 ten opsigte van die bevordering en promosie van die doelwitte van die Vereniging;

38.3 vir die verbeterde bestuur van die sake van die Vereniging;

38.4 vir die bevordering van die belange van lede;

38.5 ten opsigte van die vergaderingsprosedure om gevolg te word tydens Trustee Komitee vergaderings en Algemene Vergaderings; en

38.6 wat van hulp sal wees met die bestuur en administrasie van die Trustee Komitee en Vereniging in die algemeen;

en die Trustee Komitee sal ook by magte wees om enige regulasies uitgereik soos voormeld te kanselleer, te wysig of aan te pas.

**PROSEDURE VAN DIE TRUSTEE KOMITEE**

39. Die Trustee Komitee mag vergaderings hou ten einde sy sake af te handel, vergaderings uitstel en mag in die algemeen vergaderings op so 'n wyse bedryf as wat hul mag goeddink onderworpe egter aan die voorbehoud dat die prosedures op die vergaderings in die algemeen onderworpe bly aan die bepalings van die Konstitusie.

40. Vergaderings van die Trustee Komitee sal ten minste een maal elke kwartaal gehou word met die voorbehoud dat indien al die Trustees skriftelik afstand doen van hierdie vereiste, daar geen vergadering vir die betrokke kwartaal gehou sal word nie.

41. Die kworum nodig vir die hou van enige van die vergaderings van die Trustee Komitee, sal 2 (twee) Trustees wees, met voorbehoud dat daar geen substansiële finansiële- en/of tug-besluite geneem sal word by vergaderings tensy alle trustees teenwoordig is nie. Substansiële finansiële besluite sluit nie die gewone dag-tot-dag lopende uitgawes van die Vereniging in nie.

42. Die Voorsitter sal alle vergaderings van die Trustee Komitee lei met die voorbehoud dat indien op enige van die vergaderings van die Trustee Komitee die Voorsitter nie binne 5 (vyf) minute na die vasgestelde tydstip vir die begin van die vergadering teenwoordig is nie, sal die Ondervoorsitter as Voorsitter van die vergadering optree met die verdere voorbehoud dat indien die Ondervoorsitter ook nie binne voormelde 5 (vyf) minute by die vergadering teenwoordig is nie, sal daardie Trustees teenwoordig by die vergadering geregtig wees om by wyse van stemming 'n Voorsitter uit hul geledere vir die betrokke vergadering aan te stel, welke Voorsitter daarna geregtig sal wees op al die magte en onderworpe sal wees aan al die verpligtinge van die Voorsitter met betrekking tot daardie vergadering.

43. 'n Trustee sal skriftelike notules neem van elke Trustee Komitee vergadering, welke notules nie noodwendig die vergadering verbatim hoef weer te gee nie. Alle besluite op die vergadering moet egter in die notules vervat wees. Die betrokke Trustee sal so spoedig as moontlik na afloop van die vergadering die notules ook as korrek laat sertifiseer deur die Voorsitter van die vergadering en ‘n kopie daarvan sal binne 2 weke by die Klubhuis beskikbaar wees op versoek deur lede. Alle notules soos voormeld sal nadat dit gesertifiseer is deur die Voorsitter soos voormeld, geplaas word in die Trustee Komitee Notuleboek wat gehou sal word in terme van die reg wat betrekking het op die hou van notules van vergaderings van direkteure van maatskappye. Die Trustee Komitee Notuleboek sal te alle redelike tye beskikbaar wees vir inspeksie deur enige Trustee, die Ouditeure, lede of die Plaaslike Owerheid.

44. Alle behoorlik geneemde besluite wat opgeneem is in die notules van die

Trustee Komitee sal geldig en van volle krag en werking wees vanaf die datum waarop voormelde besluit aangeneem is totdat voormelde besluite gewysig of herroep is, maar geen besluit of gepoogde besluit van die Trustee Komitee sal van enige krag of effek wees of bindend op die lede of op die Trustees wees indien voormelde besluit nie binne die magte van die Trustee Komitee val nie.

45. Behoudens die bepalings van die Konstitusie, sal die prosedure by enige Trustee Komitee vergadering deur die Voorsitter bepaal word.

46. 'n Besluit geteken deur ‘n minimum van 3 Trustees, sal net so geldig wees asof dit geneem is by 'n behoorlik saamgestelde vergadering van die Trustee Komitee.

**ALGEMENE VERGADERINGS VAN DIE VERENIGING**

47. Algemene jaarvergaderings sal gehou word voor 31 Desember van elke kalenderjaar. Voormelde algemene jaarvergadering sal addisioneel wees tot enige Algemene Vergaderings deur daardie jaar gehou en sal as 'n algemene jaarvergadering geïdentifiseer word in die kennisgewings van die vergadering soos uitgereik in terme van die bepalings van hierdie Konstitusie.

48. Onderworpe aan die voorbehoud van die Konstitusie, sal die algemene jaarvergadering gehou word op so 'n tyd en op so 'n plek as wat die Trustee Komitee van tyd tot tyd sal bepaal.

49. Alle Algemene Vergaderings ander dan die algemene jaarvergadering sal Spesiale Algemene Vergaderings genoem word.

50. Die Trustee Komitee sal wanneer hulle ookal so goeddink, 'n Spesiale Algemene Vergadering belê en sal verplig daartoe wees indien hulle deur ten minste 1/3 (een-derde) van die lede van die Vereniging skriftelik daartoe versoek word.

**KENNISGEWING VAN VERGADERINGS**

51. 'n Algemene Jaarvergadering en 'n Spesiale Algemene Vergadering belê vir die doeleindes van die aanname van 'n Spesiale Besluit, sal belê word met ten minste 21 (een-en-twintig) kalenderdae kennisgewing per e-pos aan die lede.

52. 'n Spesiale Algemene Vergadering wat nie belê word ten einde 'n Spesiale Besluit aan te neem nie, sal belê word met ten minste 14 (veertien) dae skriftelike kennisgewing aan die lede.

53. In elk van kennisgewing-periodes hierin genoem, sal die periode bereken word deur die dag waarop die kennisgewing gegee word, uit te sluit uit die berekening van bogemelde periodes. Die kennisgewing sal addisioneel tot enige ander vereiste uiteengesit in die Konstitusie die dag en tydstip van die

betrokke vergadering duidelik spesifiseer. Volledige besonderhede omtrent enige spesiale besigheid of sake wat op die vergadering bespreek sal word, sal in die kennisgewing uiteengesit word. Die kennisgewing sal ook die algemene aard van sake wat bespreek gaan word op die vergadering uiteensit. In die geval van 'n Spesiale Besluit sal die kennisgewing die terme en effek van die besluit en die redes waarom die besluit aangeneem behoort te word uiteensit.

54. 'n Algemene Vergadering van die Vereniging sal nieteenstaande die feit dat dit saamgeroep is deur middel van 'n korter kennisgewing as die tydperke hierbo genoem geag word behoorlik belê te wees indien daartoe toegestem is deur

54.1 in geval van 'n vergadering genoem die Algemene Jaarvergadering, deur al die lede wat geregtig is om die vergadering by te woon en daarop te stem; en

54.2 in geval van 'n Spesiale Algemene Vergadering, deur 'n meerderheid in getal van die lede wat 'n reg het om die vergadering by te woon en daarop te stem en wat nie minder nie as 75% van die totale stemreg van lede hou.

55. Geen vergadering sal ongeldig wees of geen besluit op so 'n vergadering geneem sal ongeldig wees bloot:

55.1 omdat daar per abuis nagelaat is om kennis van so 'n vergadering of enige besluit wat op die vergadering aangeneem sou word, aan 'n bepaalde lid of lede te gee nie; of

55.2 omdat daar per abuis nagelaat is om enige dokument aan lede tydens kennisgewing of tydens die hou van die vergaderings voor te lê wat kragtens die bepalings van die Konstitusie aan lede aldus voorgelê moes word; of

55.3 omdat 'n kennisgewing of voormelde dokument aan 'n lid gestuur, nie deur daardie lid ontvang is nie.

**PLEK VAN VERGADERINGS**

56. Algemene vergaderings van die Vereniging sal gehou word op 'n plek soos van tyd tot tyd deur die Trustee Komitee bepaal.

**KWORUM**

57. Geen sake sal afgehandel word by enige Algemene Vergadering tensy 'n kworum teenwoordig is nie. Die kworum wat teenwoordig moet wees vir die hou van 'n Algemene Vergadering, sal wees soveel van die lede geregtig om te stem as wat saam een vyfde van die totale beskikbare stemme van lede uitmaak met die voorbehoud dat ten minste 3 (drie) lede persoonlik

teenwoordig moet wees.

58. Indien daar nie binne 30 (dertig) minute vanaf die tydstip bepaal vir die begin van die Algemene Vergadering 'n kworum teenwoordig is nie, sal die vergadering indien dit belê is op versoek van lede verdaag en binne 30 (dertig) minute na sodanige verdaging hervergader en indien by so 'n verdaagde vergadering ook nie 'n kworum teenwoordig is binne 30 (dertig) minute nadat die lede hervergader het nie, sal die lede teenwoordig by daardie vergadering geag word 'n kworum uit te maak.

## AGENDA BY VERGADERINGS

60. Addisioneel tot enige ander sake waarmee kragtens die Konstitusie gehandel moet word by 'n Algemene Vergadering, sal die volgende behandel word by 'n Algemene Jaarvergadering:

60.1 Die oorweging van die Voorsitter se verslag aan die Trustee Komitee;

60.2 Die verkiesing van die Trustee Komitee;

60.3 Die oorweging van enige sake aanhangig gemaak by die vergadering insluitende enige besluite voorgestel vir aanname by daardie vergadering en die stemming ten opsigte van voormelde besluite;

60.4 Die oorweging van die balansstaat en ander finansiële rekeninge van die Vereniging vir die finansiële jaar van die Vereniging wat die Algemene Jaarvergadering voorafgaan;

60.5 Die oorweging van en aanname van die verslag van Ouditeure;

60.6 Die oorweging van die totale heffing vir die volgende finansiële jaar; en

60.7 Die oorweging van en die vasstelling van vergoeding van Ouditeure vir die finansiële jaar van die Vereniging wat die Algemene Jaarvergadering voorafgegaan het.

60.8 Die aanname van regulasies wat die Algemene Vergadering wil uitvaardig.

## PROSEDURE BY ALGEMENE VERGADERINGS

61. Die Voorsitter sal alle Algemene Vergaderings lei met die voorbehoud dat indien hy nie binne 5 (vyf) minute na die tydstip vasgestel vir die begin van die Algemene Vergadering teenwoordig is nie, sal die Ondervoorsitter as Voorsitter van die vergadering optree met die verdere voorbehoud dat indien

die Ondervoorsitter ook nie teenwoordig is binne 5 (vyf) minute na die tydstip vir die begin van die vergadering nie, sal die lede teenwoordig op die vergadering en wat geregtig is om te stem op die vergadering, by wyse van stemming 'n Voorsitter aanwys, welke Voorsitter daarna geregtig sal wees om alle magte van die Voorsitter uit te oefen en onderworpe sal wees aan al die verpligtinge van die Voorsitter met betrekking tot daardie vergadering.

62. Die Voorsitter mag met die goedkeuring van die Algemene Vergadering waar 'n kworum teenwoordig is (en indien so beveel deur die vergadering), 'n vergadering verdaag van tyd tot tyd en van plek tot plek, maar geen sake sal op so 'n verdaagde vergadering afgehandel word anders as die sake wat afgehandel kon gewees het by die vergadering wat verdaag is nie. Wanneer 'n vergadering verdaag word na 'n tydstip later as 10 (tien) dae vanaf die datum waarop die vergadering oorspronklik belê is, sal kennis van die verdaagde vergadering aan lede gegee word op dieselfde wyse as wat kennis vir die oorspronklike vergadering verleen is. Behalwe vir voormelde, sal lede nie geregtig wees op enige kennis van verdaging of kennis ten opsigte van die besigheid of sake wat by die verdaagde vergadering afgehandel sal word nie.

63. Behalwe indien tot die teendeel bepaal in hierdie Konstitusie, sal alle Algemene Vergaderings afgehandel word in ooreenstemming met algemene aanvaarde vergaderingsprosedure.

**VOLMAGTE**

64. 'n Lid mag verteenwoordig word by 'n Algemene Vergadering deur 'n verteenwoordiger wie nie 'n lid van die Vereniging hoef te wees nie. Die volmag moet skriftelik wees en moet onderteken wees deur die lid wat aldus verteenwoordig sal word of die lid se behoorlike agent. Die volmag hoef nie in 'n bepaalde vorm gegiet te wees nie met die voorbehoud dat waar 'n lid bestaan uit meer as een persoon, al daardie persone die volmag moet onderteken of waar 'n lid 'n maatskappy is moet die volmag onderteken word deur die voorsitter van die direksie van die maatskappy of die maatskappy se sekretaris en waar 'n lid 'n assosiasie van persone is moet die volmag onderteken word deur die sekretaris van die assosiasie en waar 'n beslote korporasie die lid is moet 'n lid van die beslote korporasie die volmag onderteken. Een verteenwoordiger sal beperk word tot ‘n maksimum van twee volmagte.

65. Die volmag en, indien van toepassing, die dokument wat as bewys dien dat die persoon wat die volmag namens 'n regspersoon of assosiasie teken, behoorlik daartoe gemagtig is moet ingehandig word by die Kantoor te enige tyd voor die tydstip vasgestel vir die begin van die Algemene Vergadering of verdaagde Algemene Vergadering waar die verteenwoordiger die lid moet

verteenwoordig. Geen volmag sal geldig wees na afloop van 'n tydperk van 12 (twaalf) maande vanaf die datum waarop die lid of sy gemagtigde agent die volmag geteken het nie.

66. 'n Stem uitgebring in ooreenstemming met die terme van 'n volmag sal geldig wees nieteenstaande die afsterwe van die prinsipaal of herroeping van die volmag op voorwaarde dat geen aanduiding op skrif van die dood van die prinsipaal of herroeping van die volmag deur die Trustee Komitee ontvang is ten minste 1 (een) uur voor die tydstip waarop die Algemene Vergadering geskeduleer is om te begin nie.

**STEMREG**

67. By elke Algemene Vergadering sal elke lid persoonlik of deur middel van sy verteenwoordiger geregtig wees om te stem en sal elke lid 1 (een) stem hê vir elke erf geregistreer in sy naam met die voorbehoud dat indien 'n erf geregistreer is in die naam van meer as 1 (een) persoon, al die eienaars van daardie erf gesamentlik 1 (een) stem hê. Stemming sal op geslote wyse plaasvind om vertroulikheid te bevorder en te beskerm.

68. Behalwe indien uitdruklik tot die teendeel bepaal in hierdie Konstitusie, sal geen persoon ander dan 'n lid wie alle bedrae en of heffings verskuldig aan die Vereniging betaal het en wie nie geskors is uit die Vereniging nie, geregtig wees om teenwoordig te wees en te stem ten opsigte van enige vraag of besluit persoonlik of by wyse van 'n verteenwoordiger by 'n Algemene Vergadering nie.

**BESTUURSAGENT**

69. Die Vereniging mag ten einge tyd wanneer die behoefte ontstaan ‘n Bestuursagent aanstel om alle operasionele aspekte wat deur die Komitee aangewys word te bestuur, beheer en te reguleer.

70. Die Bestuursagent moet beskik oor die nodige kundigheid, hulpbronne en ervaring ten opsigte van die bestuur van sodanige operasionele aspekte. D i e aanstelling sal in ‘n skriftelike ooreenkoms aangegaan word wat sal aanvang neem en sal voortduur soos daarin ooreengekom.

71. As vergoeding vir die dienste gelewer deur die Bestuursagent, sal die Vereniging ‘n bestuursfooi aan die Bestuursagent betaal soos waarop die p a r t y e van tyd tot tyd ooreenkom.

**WYSIGING VAN KONSTITUSIE**

72. Elke wysiging van hierdie konstitusie van watter aard ookal, insluitend enige byvoeging daartoe, uitwissing daarvan of vervanging daarvan, sal die

goedkeuring van minstens 75% (vyf-en-sewentig persent) van die totale getal stemme toegeken aan lede van die Vereniging, benodig.

Hierdie meerderheid sal op ‘n Spesiale Algemene Vergadering, spesifiek byeengeroep vir so ‘n doel en die kennisgewing van so ‘n vergadering sal, bykomend om gehoor te gee aan die vereistes vir die byeenroep van ‘n vergadering, in spesifieke terme, die voorgestelde wysiging uiteensit.

Enige sodanige verandering, byvoeging of weglating sal slegs geldig wees sodra dit goedgekeur word deur die Mosselbaai Munisipaliteit**.**

Ek/Ons die ondergetekende(s)

verklaar hiermee dat ek/ons bogenoemde Konstitusie gelees het en die inhoud daarvan begryp en myself/onsself daaraan gebonde ag.

GETEKEN TE ____________________ OP_________ VAN _________________________ 20____

**<u>AS GETUIES:</u>**

**1.** ..................................... ........................................

**2.** ..................................... ........................................